Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: **nuusbrief@framesby.co.za**

Uitgawe 61: 18 September 2015

HOE BEVOORREG IS ONS NIE!

Die spreekwoord lui dat die hoogste bome die meeste wind vang, maar soms kan die wind regtig begin pla en behoort mens te bepaal waar die wind vandaan kom en waarom dit so venynig raak! Framesby raak toenemend die teiken van venynige aanvalle, veral naamloos in die media, en ons moet onwillekeurig wonder waarom die skool, ondanks wonderlike prestasies, so moet deurloop. Dit wil voorkom asof sommige mense, dikwels uit ons eie geledere, verkies om alles wat moontlik goed kan wees, bloot te ignoreer en te fokus op die negatiewe, wat in baie gevalle spruit uit onbevredigende persoonlike ervarings.

Dat 'n instansie soos Framesby, wat daarop roem dat bepaalde waardes hier uitgeleef en bevorder word, voortdurend hand in eie boesem moet steek en selfondersoek moet doen, is nie te betwyfel nie, en dit gebeur gereeld. Waar die personeel en die Beheerliggaam dalk tekortskiet in hul pogings tot uitnemendheid, is dit nie weens 'n gebrek aan toewyding en opregte voornemens nie, maar bloot weens menslike swakheid.

Tog is dit onteenseglik so dat hierdie skool in 'n besonder bevoorregte posisie verkeer en dat juis DIT gekoester en jaloers opgepas moet word. **Framesby is 'n Afrikaanse skool wat Afrikaanssprekende leerders vanuit 'n Christelik-gefundeerde geloofsoortuiging begelei tot verantwoordelike volwassenheid**. In watter mate ons daarin slaag mag debateerbaar wees, maar elke individu kan in hierdie skool **sonder vrees** sy of haar Christelike oortuigings uitleef. Ons is nie skaam hiervoor nie sal dit altyd openlik bely, ondanks die aanslag op skole soos Framesby. Laat ons as Framesby-familie onbevange saamstaan en fokus op wat ons het!

REËLINGS VIR DIE RES VAN DIE KWARTAAL

Dis al weer Toetsreeks en daarmee kom die derde kwartaal ook tot 'n einde. Soos vroeër berig, is die vierde kwartaal maar bitter kort en behoort elke leerder die komende vakansie te gebruik om te begin met hul voorbereiding vir die eindeksamen. In alle vakke sal die hele jaar se werk getoets word, en sal die eindeksamen se punte die swaarste gewig dra in die samestelling van die uiteindelike bevorderingspunt. Dis dus die moeite werd om nou jou HEEL beste te gee!

Die reëlings vir die toetsreeks is as volg: Die toetse word in TWEE skryfsessies afgelê. Leerders wat in die eerste sessie skryf, meld soos op 'n gewone skooldag om 07:40 by die skool aan. Die sessie eindig om 10:00 waarna die leerders huis toe kan gaan. Leerders wat die tweede sessie skryf, meld om 10:30 aan en die sessie duur tot 13:00. **Volgende week se rooster verskyn op bladsy 3.**

Die skool sluit op Vrydag 2 Oktober met 'n kort saalbyeenkoms, waarna die Graad 12-leerders hul rapporte sal ontvang. Die res van die skool sal hul rapporte egter eers op Vrydag 16 Oktober ontvang.

Datums vir volgende kwartaal

Dinsdag 13 Oktober:
Sport- en Kultuurdinee

Vrydag 16/10:
Matriekafskeidseremonie
Gr. 8-11 Rapporte

Dinsdag 20 Oktober
Diplomaplegtigheid

Donderdag 22 Oktober
Akademiese Prysuitdeling

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag
Marilize Fourie 12D
Ian Gerber 11E

Sondag 20
Julia Botha 8G
Elizabeth Lourens 8C

Maandag 21
Keanu du Plessis 10A

Dinsdag 22
Jaco Barnard 12C
Chané Manuael 11G
Kailan Roberts 10D
Kaylin Smith 9D
Simoné Verwey 12G

Woensdag 23
Jason Janse van Rensburg 12G
Twané Tait 11D

Donderdag 24
Eben Botha 12B
Jan Hendrik du Plessis 8E

Vrydag 25
Roslynn van der Mescht 8D

PRESTASIES, UITSLAE EN NUUS

QUEENS COLLEGE SE FRAMESBY-BULLE!

Bernard MacDonald en Ruben le Roux, ons twee manne wat die res van die jaar as uitruilstudente by Queens College in Engeland skoolgaan, het verlede naweek in hul eerste rugbywedstryd vir hul aangenome skool gespeel, met Bernard nogal op senter! Die Britse skooljaar het pas begin, en volgens Ruben-hulle was hierdie wedstryd eintlik maar 'n losmaker. Hulle het darem gewen. Hiervandaan lê daar 'n stywe program voor en ons wens hulle alles van die beste toe! OP die foto hiernaas pryk hulle in hul truie saam met 'n Pearson-leerder wat ook deel vorm van die uitruil-program. Ons sien uit na nog nuus oor hul vordering.

Eerste Krieketspan begin goed!

Ons eerste krieketspan het verlede naweek deelgeneem aaan die jaarlikse Pearson-krieketfees. Alhoewel Pearson die toernooi aangebied het, het ons al ons wedstryde op ons eie veld gespeel.

Donderdag het ons twee wedstryde gespeel, en ongelukkig nie 'n baie goeie begin teen Marlow beleef nie. Daarna het ons in 'n titaniese T20-wedstryd naelskraap teen Grey verloor. Hulle het 125 vir 7 in 20 boulbeurte aangeteken, waarna ons ongelukkig net 109 lopies in die 20 boulbeurte kon aanteken.

Vrydag het ons teen Union High van Graaff-Reinet gespeel in 'n tydkrieket-wedstryd. Ons het eerste gekolf en 231 vir 8 in 60 boulbeurte aangeteken. Dominic Snyman, met 'n indrukwekkende 106 lopies, en Janré Viljoen met 69, was ons beste kolwers. Hierna is Union vir 'n skamele 96 lopies uitgehaal. Ons wen dus met 135 lopies. Saterdag was die span in aksie teen Alexander Road High School. Hier was Tiaan Ferreira met 103, en Johan Grobler met 96 lopies die groot uitblinkers. Alex is hierna vir 124 lopies uitgehaal met Tiaan Smith aan die spits met 4 paaltjies vir slegs 23 lopies in 10 beurte! Ons wen die wedstryd met 'n allemintige 185 lopies. Baie geluk, manne!

ATLETE OP HUL STUKKE!

Met die meeste deelnemers van enige skool of atletiekklub is Framesby ongetwyfeld dié Atletiekskool hier rond!

Ons atlete het geskitter tydens die onlangse FNL-byeeenkoms. By hierdie geleentheid het ons 8 eerste plekke behaal, en dit terwyl net die helfte van al die items plaasgevind het. Die volgende atlete het eerste plekke behaal:

Roelof Roodt in die O/19 Spiesgooi en Diskus, Leon Vermeulen in die O/17-verspring, Franco van Rooyen in die 300 *m* Hekkies en André Keyser in die O/17 400 *m* Hekkies.

Die dogters het ook uitsekend gevaar. Lara de Bloe het in die 3 000 *meter* vir dogters O/17 'n hele minuut voor haar naaste teenstander klaargemaak, terwyl Chante Botha (O/17 3 000 *meter*), en Anneke Kapp (Diskus dogters O/19) gemaklik gewen het.

Ons het ook sewe 2de plekke en ses derde plekke verower. Baie dankie aan al ons atlete vir hul entoesiatiese deelname. Julle het almal Framesby se naam hoog gehou en in die proses waardevolle punte ingesamel. Hou so aan! Ons is baie trots op julle!

SES-AAN-'N-KANT KRIEKET

Ons Dogters-krieketspan is hierdie naweek in aksie in 'n Ses-aan-'n-kant-toernooi wat hier op ons velde aangebied word. Kom ons ondersteun ons dogters! Die dag beloof om vol opwinding te wees!

Die program is as volg:

TYD	A-VELD	B-VELD
08:30	Chatty Pearson	Uitnodigingspan Sydenham
09:15	Westering Framesby	DF Malherbe Linkside
10:00	VP vs Chatty	Parsonshill Framesby(2)
10:45	Pearson Strelitzia	Uitnodigingspan Chatty (2)
11:30	Cowan Westering	Linkside St. Thomas
12:15	Bethelsdorp Framesby	DF Malherbe Sydenham
13:45	Halfeindstryd	Halfeindstryd
15:15	Eindstryd	

NUUS EN AKADEMIE

Dis weer tyd vir die immergewilde musiekspeletjie

NOOT VIR NOOT

Kom kyk op Woensdag 23 September hoe die leerders dit teen die onderwysers uitspook om te wys wie se musiekkennis nou éintlik die beste is! Van die onderwysers sal ook as gaskunstenaars optree, tesame met ons eie Forte as die "Musiekfabriek". Kom geniet 'n aand van goeie vermaak en slaan sommer op die koop toe 'n paar pryse los. Kaartjies vir die gehoor is by lede van Forte sowel as by die deure beskikbaar teen slegs R10. Spanne wat nog wil inskryf het net tot Maandag tyd om hul name by Juf. Roodt te gaan ingee. Slegs 4 lede per span en dit kos R20 per span. Hoop om jul almal daar te sien!

Adminpersoneel rafel bietjie uit!

Die SAOU het verlede Vrydag die sekretaresses van verskeie skole in Port Elizabeth 'n bietjie bederf en ons eie dames het 'n WELVERDIENDE bederfie daar gaan geniet. Hierdie dames doen ongelooflike werk en ons gun hulle dit om so 'n bietjie los te breek! Baie dankie vir al julle harde werk! Agter staan mevv. Maleen Wait, Michelle Fourie en Marina Moolman. Voor sit mevv. Lienus van der Wath en Ethel Victor.

"KLAAGLIEDERE" IN ONS SKOOLSAAL

Op Donderdag 1 Oktober tree Frank Opperman, bekende akteur, in ons skoolsaal op in sy eenman-vertoning, *"Die Klaagliedere van Ds. Tienie Benade"*

Almal wat reeds hierdie stuk gesien het praat met die grootste lof daarvan en ons wil u almal hiermee aanmoedig om hierdie geleentheid te benut. Aangesien daar nie vanjaar 'n Hartklopfees sal plaasvind nie, bied ons graag, in samewerking met die Sionsrand-gemeente, hierdie bekroonde stuk aan.
Alle winste uit die vertoning sal vir ons Manna-fonds gebruik word waarmee ons behoeftige leerders help.

TOETSREEKSROOSTER VIR VOLGENDE WEEK

	SESSIE	GRAAD 8	GRAAD 9	GRAAD 10	GRAAD 11
Maandag 21 September	1	Natuurwetenskappe	Wiskunde	Lewenswetenskappe	Wiskunde Wisk Geletterdheid
	2	Natuurwetenskappe		Toerisme IT	
Dinsdag 22 September	1	Afrikaans	Sosiale Wetenskap	Rekeningkunde	English
	2		Sosiale Wetenskap	CAT	Besigheidstudies
Woensdag 23 September	1	Wiskunde	English	Fisiese Wetenskap	Afrikaans
	2		EBW	IGO	Verbruikerstudie

ALGEMEEN EN SIELSKOS

DIE LOGO VIR DIE WARE LEWE

Almal soek na die regte logo. Maatskappye bestee miljoene om daardie ikoon te vind wat hul diens of produk onvergeetlik en oortuigend sal uitdra. Die word *Nike* kom van die Griekse word vir "oorwinning" en hul logo is 'n regmerk; hul handelsmerk spel *sukses*. Die appel van *Apple* verteenwoordig die samevloei van tegnologie en intelligensie in jou hand, en hul handelsmerk spel *kennis*. Die goue boë van McDonalds is oral herkenbaar en op elke kontinent beteken dit vreugde en bevrediging – die Happy Meal! Hul logo is twee boë, en hul handelsmerk spel *plesier*. Die driepuntster binne 'n sirkel van Mercedes is gekies om hul enjins se heerskappy op land, in die lug en op die see uit te beeld. Hulle logo is 'n ster-in-'n-sirkel, en hul handelsmerk spel *mag*. As jy 'n logo vir jou lewe moes kies, wat sal dit wees?

Al vier die logo's is wêreldwyd bekend, maar nie een van hulle is die heel bekendste logo in die wêreld nie, dié een simbool wat al eeue lank bestaan. Jy sien dit op grafte en T-hemde, in kerkies en aan hangertjies. Dit is die heel beroemdste logo wat die wêreld nog gesien het. Dit is 'n kruis. Omdat dit so lank reeds bestaan, kyk ons soms na die kruis sonder om te dink wat dit werklik beteken.

Kruise was 'n manier om mense dood te maak. Dis uitgedink deur die Perse en vervolmaak deur die Romeine as 'n manier om opstande te onderdruk. Dit was uiters pynlik sowel as vernederend. Die Engelse woord *excruciating* kom inderdaad van die Latynse woord vir "kruisiging". Jesus het self gesê: "As iemand agter My wil aan kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg". Dit was hierdie beeld wat verteenwoordigend geword het van die beweging wat met Jesus geassosieer is.

Dink hoe vreemd dit is: In die begin het hierdie klein beweging, wat Christene genoem is, swaargekry onder vervolging terwyl hulle mense probeer oortuig het om by hulle beweging aan te sluit. Die simbool wat hulle gebruik het om hul boodskap te verteenwoordig was nie 'n ikoon van sukses, kennis, plesier of mag nie. Hulle het die simbool gekies wat oor die hele wêreld **skande**, **mislukking** en **dood** verteenwoordig het. Maar toe Jesus sy volgelinge gevra het om hul kruis op te neem, was dit nie 'n oproep tot uitwisssing nie. Dit was 'n oproep tot geestelike grootheid in die Goddelike plan van **liefde wat opoffer**. Hy het aan mense 'n saak gegee wat die moeite werd was om voor te leef, voor te sterf en voor opgewek te word. God het alles met Homself versoen; boosheid, sonde, dood en skuld het die uitsettingsbevel ontvang.

Die kruis was nie leeg nie….. Daar het 'n man aan die kruis gehang. En nou het ek en jy iets om voor te leef, voor te sterf, voor opgewek te word. Iets meer as sukses, kennis, plesier of mag. Die God van die Kruis hernu en skep alle dinge om te floreer deur die krag van offerliefde. En ons kan deel wees hiervan!

Uit: *The me I want to be* deur John Ortberg

Transformasie: Uit 'n Wiskundige perspektief!

Om te transformeer is 'n baie algemene begrip. Tog het dit in Suid Afrika 'n wapen geword om alles wat bestaan aan te val. Dit mag natuurlik ook deur magte gedryf word wat teen Mei / Junie 2016 nie meer die nodigheid sal insien om betogings te hou om sogenaamd transformasie te bevorder nie.

Ons almal vind dit nodig om van tyd tot tyd in 'n spieël te kyk en 'n deeglike refleksie van jou lewe en jouself te maak. Die lyf wat na jou terug staar is op die ou einde deur jouself "gevorm" … jy alleen kan besluit om iets daaraan te doen! Die lewenspad wat jy huidiglik volg het iemand anders sekerlik nie vir jou gekies nie … maak dus die nodige veranderinge. As dit nodig is!!

Om jouself of jou posisie te transleer is sekerlik die transformasie wat die meeste voorkom. Daar is baie situasies wat jou sal dwing om seker verskuiwings te maak. Dit kan wees dat jy skielik moet verhuis … dat jou geldsake drasties verander. Jy sal egter voordurend jou situasie moet aanpas volgens jou nuwe omstandighede.

Om jouself te roteer is beslis die moeilikste transformasie om uit te voer. As voorbeeld kan ons hier iemand wat trou nadat hy lank alleen was neem. Vir lank het jy gedoen net wat jy wou en nou is daar iemand ander om gelukkig te hou. Dié transformasie kan 'n 90˚ rotasie tot gevolg hê en gelukkig sal net een van die metgeselle negatief geraak word, maar behoed jou dat dit nie 'n 180˚ rotasie is waar beide metgeselle negatief geraak word en dalk tot die einde van dié verbintenis kan lei nie. Oumens raad is om nooit kwaad te gaan slaap nie!!

AS JY DIÉ PROBLEEM DUS GOED WIL LAAT UITWERK … MAAK SEKER DAT JY DIE TRANSFORMASIES IN JOU LEWE ALTYD GOED BEREKEN EN BEPLAN. STERKTE AS JY EGTER ONVERHOEDS GEVANG WORD DAN MOET JY DALK VAN VOOR AF JOU SOMMETJIES MAAK.

GRAAD 12 EKSAMEN

Volgende week se vraestelle:

	Oggend 09:00	**Middag 14:00**
Maandag 21 September	Wiskunde V2 Wsk. Gell. V2	Musiek Vraestel 2
Dinsdag 22 September	Lewens-Wetenskap V2	English Paper 2
Woensdag 23 September		IGO Vraestel 1